Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 20 Jun 2018
Page: 6



AVE: 10837.16
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



# Tuks-vrouesewes vierde in Rome

**Wilhelm de Swardt**

Die Delta Drone Tuks-vroue-sewesrugbyspan het die afgelope naweek vierde in die Rome-toernooi geëindig.

Riaan van der Merwe (afrigter) erken dat dit een van sy span se minder goeie vertonings was. Alles wat kon verkeerd gaan, het glo verkeerd gegaan.

"Maar om heeltemal eerlik te wees, ons was nie goed genoeg nie. Daar wag harde werk op die spelers voordat ons oor drie weke in Parys deelneem."

Die hoogtepunt vir die Tuks-span was toe hulle Spanje se Euskadi's met 26-5 afgeransel het. Dit was die eerste keer in vyf probeerslae dat Tuks aan die wenkant was.

Daarna het Tuks 25-14 teen Italië verloor en in die halfeindronde met 24-0 teen Kazachstan. Italië het Tuks in die uitspeelwedstryd om die derde plek 'n tweede keer afgeransel. Die telling was 28-5. Italië en Kazachstan beklee op die oomblik onderskeidelik die 18de en 19de plekke op die internasionale ranglys.




**Die Delta Drone Tuks-vrouesewesrugbyspan moes die naweek met 'n vierde plek in die toernooi in Rome tevrede wees. Hulle het twee keer teen Italië verloor.**

Volgens Van der Merwe het die spelers se onervarenheid hulle duur te staan gekom.

"Nadine Roos oefen saam met die Springbok-sewesspan terwyl Libbie Janse van Rensburg (kaptein) haar heup sodanig beseer het dat sy nie voluit kan hardloop nie. Om sake te vererger het sy verkoue opgedoen. Nogtans wou sy niks daarvan hoor om langs die kantlyn te sit nie.

"Shania-Lee Swart kon weens eksamenverpligtinge nie saam toer nie en Xandrea Breitenbach het 'n knieoperasie ondergaan.

"Die spelers se grootste fout was om te laat by die afbreekpunte uit te kom. Dan raak dit moeilik om enige wedstryd te wen. Gelukkig is dit iets wat in oefening reggestel kan word."

Van der Merwe was beïndruk met Meghan Phillips en Liske Lategan (albei vleuels) se aanvallende spel. "Maar die ware uitblinkers was die voorspelers, Lolli Hlabangane, Kemi Baloyi en Thandeka Shongwe."

Tuks se volgende internasionale toernooi is die Parys-wêreldbekertoernooi (7-8 Julie).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.